

sukses gehad. Die Ver. is ook sedert oorlede.

Ook in die Goudstad 't die Nederlandse Ver. en ook die Afr. Toneelver. Braamfontein, verdienstelike opvoerings gegee. Dan is daar in Turfontein 'n geselskap wat kans 't nog baie van hulle te laat hoor as hulle 'n paar essensiële puntjies wou in ag neem. Verder bestaan daar oor ons hele land debatsvereniginge wat af en toe met sukses toneelstukkies opvoer.

Maar nergens 't ek nog so sien knoei nie as juis hier in Johannesburg. Hier is meer toneelvereniginge op die Rand as Afrikaanse Koffiehuise, en dit lijk mij of elke bloumaandag so'n amateur-geselskappie—wat al reeds ternouernood oor genoeg speelkragte beskik, om 'n derde klas kluggie voor die voetlig te bring—nog in drie of vier aparte geselskappies opgesplits word al naar gelang van die getal spelers wat hulle manhaftig genoeg waan om self leier van so'n geselskap te wees, of wat genoeg ambiesie 't, om self 'n hoofrolletjie te vervul. Die vrug wat van so'n onbesonne ijwerigheid te wagte is lig voor die hand. Ek was vroeër, toen ek vir die Helpmekeer gereis 't, meer as een maal die gas van dergelijke dilettante-poginkies, waar ek mij siel in lijdzaamheid moes besit, om mij nie so te vererg nie dat ek uitstap voor die skerm vir die laaste maal val. Dit 't al gebeur, dat nie minder as twee van die spelers van hoofrolle, sonder waarskuwing wegblij, en dat die would-be artieste—nadat hulle die gehoor 'n half-uur of langer laat wag 't—verskoning vra vir die onvermijdelikheid, dat hulle die afwesige akteurs se rolle sal moet aflees! Dan 't ek ook al gesien, dat 'n speler sij

hele rol, in repies vasgeplak 't op 'n meubelstuk, wat hij gedurende die aand in sij hand moet hou—Vader Tijd se seis—en dan lees hij dit daarvan af! En die toegang was vijf shillings!

* * *

Noudat ek 'n kort oorsig gegee 't van die vereniginge, wat soal meegehelp 't om die smaak van ons publiek vir daardie soort ontspanning te verfijn of te bederf, kan ek in 'n geskiedkundige verhandeling tree oor die stof wat die verskillende vereniginge instaat gestel 't om op te tree.

Melt Brink was een van die eerste wat iets oorspronkeliks ter opvoering gelewer 't. (Die alereerste stuk wat hier in ons land pasklaar gemaak is, is: „De nieuwe Ridder-orde of de Temperantisten”, dis in 1832 geskrywe deur 'n Fransman van wie ik nie die naam kan uitspreek nie: C. E. Boniface).

Daar is nie 'n land in die wêreld wat soveel stof vir dramatiese uitbeelding oplewer as S.A. Ons land is 'n terrein waar nagenoeg al die nasies van die wêreld en alle grade van die beskawing verteenwoordig is, en die lewe in die jonge en bonte kosmopolitiese samelewing is veelvormig in sij uiting.

Die poginge om die opgehoopte stof te verwerk, was asnog hoofsaaklik beperk tot die klug, en in dié rigting is daar so'n oordrijving te konstatêre, dat die smaak van ons publiek vir iets hogers nog eers moet opgevoed word. Preller sê in sij voorberig tot „Ou Daniel” „Ons toneelpubliek is, wat 'n uitheemse, konvensioneel romanties-retoriese melodrama en 'n derde-klas klugspel daarvan gemaak het. Dis nie ons skuld

nie, maar ons ongeluk. Met die bewussijn van 'n eie Afrikaans-nasionale beskawing, sal die verandering kom."

Dit is eers gedurende die laaste paar jaar, dat daar ernstig gestreef word in die teenoorgestelde rigting—dat ons handjevol dramaturge (meesal dramaturge in die dop), behalwe die klug, waar die domme en listige kleurlingbediende-element, en die bonte, kosmopolitiese, ja kaleidoskopiese mensemengeling die komiese faktor verskaf, dat hulle gaan besef, dat daar 'n ewe wye veld vir ontginning wag—'n goudmijn van tragiek—ek bedoel die agtereenvolgende, onophoudelike bloed- en tranepisodes waar ons geskiedenis vol van is.

Die toneelstukkies van Melt Brink is meesal blijspele, en is geskrywe in 'n taal wat die Hollander sou noem, „'n middending tussen Nederlands en Afrikaans”.

Behalwe Melt Brink wat tussen 1869—73 reeds 14 stukkies geskryf 't, 't nog ander kameriste van Aurora oorspronklike werk gelewer, w.o. H. W. Teengs, J. M. Belinfante, N. C. Koster, L. van Hogezaad en A. P. Herhold. Onder die stukke van hulle hand, wat noemenswaardig is, is: „De diamanten der Kroon”, „Het Einde van 'n Booswicht”, „De Verdronken Minnaar”, ens.

In Hollands bestaan daar nog verder „Debora”, deur Hubertus Elffers, en twee nummers van „Ons Spreekuurserie, deur dr. W. J. Viljoen, nl. „Koppigheid” en „Achter de Schermen” (albei uit die Duits vertaald).

* * *

Vir ons bestaan daar 'n wye keuse tussen vier

onderskeie rigtings van toneel-litteratuur, nl.: 1. Oorspronklike werk uit ander lande en in ander tale: sê nou maar Nederlands en Engels; 2. Werk uit ander tale vertaald in Nederlands of Afrikaans; 3. Oorspronklike werk uit Afrikaanse bodem, in tale anders as Afrikaans; en eindelik oorspronklike werk uit Afrikaanse bodem in Afrikaans.

Die eerste, nl. oorspronklike werk uit ander lande en in ander tale, 't die minste kans om te slaag, en kan gerus wat S. A. betref—vir toneel-doeleinde—maar sterf, want 'n Afrikaanse publiek begryp daar nie veel van nie, omdat daar toestande uitgebeeld word, wat aan die Afrikaanse opvatting totaal vreemd is, en omdat die lewering van uitheemse denkbeelde, ook nie bereken is om die taal waarin sodanige denkbeelde uitgebeeld word, daar besonder baat bij te laat vind nie. Elffers sê in sijn voorrede tot „Debora”: „Het Hollands in Z. A. kan niet gehandhaafd worden dan door verspreiding van uit Afrikaanse bodem ontsproten litteratuur.”

Die tweede rigting, nl. werk uit ander tale vertaald in Nederlands of Afrikaans. Die verdien nog enigsins aanbeveling, mits één groot vereiste nie uit die oog verloor word nie, en dit is, dat dergelijke stukke sodanig verwerk word, dat dit sig behoorlik bij Afr. toestande aanpas. In die opsig is albei die stukkies van dr. Viljoen nie altegelukkig uitgeval nie, omdat daar te veel duitsegeaardheid, en vir die res hollandse aan blij kleef 't. Die pogings van Stef. Maré en Gustav Prel-ler beantwoord beter. Dr. Besselaar sê in sijn „Suid Afrika in de Letterkunde”: „Stukken uit Europa ingevoerd, tenzij zij klassieke kunst ver-

tonen, voldoen meestal minder goed in Z.A., wengens 't onderscheid in levensomstandigheden. De Engelsen, wier denkwereld nog z'n middelpunt heeft in de Britse eilandegroep, voelen dit minder, maar de Afrikaner, wiens innigst bestaan met zijn vaderland is saamgeweven, kan alleen bevrediging vinden in Afrikaanse situaties."

Die derde soort, nl: Oorspronklike werk uit Afr. bodem, maar in tale anders as Afrikaans. Oor hierdie punt kan ek volstaan met 'n sitasie uit bowegenoemde werk van dr. Besselaer: „Daar allerwege schouwburgbezoek meer als ontspanning wordt beschouwd dan als 't volgen van 'n kursus in 'n bepaalde taal; en daar 't gedeelte der Afrikaanse bevolking, dat nederlandse drama's bestudeert, geen overwegend, indien al een in aanmerking komend, gedeelte vormt van 't afrikaans uitgaand publiek, dat tothiertoe bovendien geen sterke begeerte heeft geopenbaard naar dramatiese voorstellingen in 't Nederlands, is 't zeer waarschijnlijk, dat altans de naaste toekomst zal behoren aan 't Afrikaans en Engels drama."

Neem ons die stelling—en die twee voorafgaande—as steekhoudend aan, dan blij daar vir ons niks anders oor nie, as om ons neer te lê bij die vierde en laaste keuse, en dit is om ons toe te lê op die beoefening en verfijning van die drama wat in S.A. sij oorsprong 't, oor S.A. toestand handel, en in Afrikaans geskrijf is.

Om alles hier op te som wat daar al in Afrikaans gelewer is, en oor elke stukkie 'n op- of aanmerking te maak sou alleen al 'n hele uur in beslag neem. Net bloot die vermelding van die

stukkies wat nie deug nie, en die rede, in ronde woorde, waarom hul nie deug nie, sou alleen ook al 'n hele lesing beslaan. Ek noem dus net 'n paar, wat die moeite wêrd is:

Magrita Prinsloo van ds. S. J. du Toit, 'n historiese toneelstuk uit die Grote Trek, is 'n alombekende en populêre stuk;

„Ou Daniel” van H. Oost, word deur Preller genoem: „'n gebeurtenis op die gebied van ons toneellettere”. Dit teken die botsing tussen die oue en eie van ons volk, en die nuwe en vreemde wat brutaalweg in die Afr. samelewing binnedring. Die skrywer 't taamlik daarin geslaag om 'n uitnemend vir dramatiese uitbeelding geskikte tema te skep. Hij 't ewewel rede tot aanstoot gegee, deur godsdienstige verhandelinge op die toneel te bring.

„Susanna Reyniers” is 'n historiese blijspel van prof. A. Francken, uit die eerste jare van die volksplanting en is een van die mees hoogstaande stukke in ons jeugdige Afr. drama.

„Liefde en Plig” deur Jan Celliers is 'n allesins verdienstelike toneelspel, uit die driejarige oorlog. Dis egter te boekagtig en onderstel te weinig handeling—sou die skrywer, ook net soos sekere ander ontwikkelde Afrikaners ten onregte volhou, dat dit onafrikaans is om te beweeglik te wees op die toneel. Ik sou nie sien waarom nie! Die Afrikaner is tog seker gesond genoeg om nie dooierig te wees nie, en ek 't nog nie bra 'n predikant van enige ander nasie gesien wat so volop kan gestikuleer as sommige van ons eie Dominees. En let maar op hoe 'n Boer kan beduie, as die swart skepsels hom vererger!

Vervolgens is daar „Die Heldinne van die Oor-

log" deur dieselfde skrywer. Dit skets die lije in die konsentrasiekampe. Ook 'n bietjie stijf, maar origens goed.

Langenhoven 't twee stukkies gelewer, heeltemal in 'n nuwe rigting, twee allegoriese voorstellings uit ons geskiedenis, nl. „Die Hoop van S. A.” en „Die Vrou van S. A.” Oppervlakkig beskou lijk die stukkies so ontoneelmatig as jii maar kan denk, maar voer dit maar op, dan kan jii jou gemoed nie beheers nie om die effek wat uit die stuk stroom.

Verder bestaan daar verskeie kleinere stukkies, meesal kluggies of gedramatiseerde anekdote, soas: „Die Koekdief” van Nemo; „De Brandende Kaars” van Herm. Smut; „Die Familiesaak” van Langenhoven, en dergelyke.

Ernstige Afrikaners het soms, behalwe prinsipiële besware teen toneel in die algemeen, besondere bedenking teen die ligtere stukkies. Daar word te dikwels iets lafs opgedis; nasionale swakhede word verbloem of aangemoedig; en die deug nie altiid beloon nie.

* * *

En nou gaan ek korteliks aantoon, dat ons almal eintlik skuld daaraan het, dat die Arf. toneel nog nie ondersteun word, soos dit behoort nie, en dat gevolgelik, die aanmoediging, wat tot spoorslag vir betere pogings moes dien, ontbreek.

Vereers is ons publiek hopeloos onverskillig en daar word growe gebrek aan belangstelling aan die dag gelê. Maar ik sê met Preller „Dis nie ons skuld nie, maar ons ongeluk.” Gee ons 'n vertoonbare toneelstuk, en voer dit ordentlik op, dan sal ons kom kijk. Hiér is dus sprake van 'n

bedorwe smaak. Die eintlike skuldiges is dus: die skrywers en die spelers.

Die skrywers: Jan Celliers 't een keer in 'n toespraak gesê: „Baie mense denk die Afrikaanse Taal is nou net geskik om mekaar grappies te vertel en mekaar lekker te laat lag”. Dis die grondige waarheid, en dis een van die vernaamste redes, waarom daar onder Afrikaners vandag nog soveel veroordeel—of laat ek sê réde tot veroordeel—bestaan teen die toneel. Daar Afrikaans die mees geskikte taalvorm is om aan die klug en die ligtere blijspel in S. A. lewensvatbaarheid te waarborg, 't skrywers en embryo-dramaturge jammerlik oordrijf, en 't hulle meesal platheid beskou as die enigste wat geskik is vir die volk. Dit is misdadig. Die beste is vir die volk nie te goed nie, en hoe eerder skrywers dit besef hoe gouer sal ons toneel onthef word van dié veroordeel. Dat die Afrikaner altijd moet voorgestel word as onopgevoed en torrerig, vind ek van die kant van Afr. skrywers 'n misdaad teen ons nasionale volkslewe gepleeg. Asof ons dit nie veilig aan die „Dopdokter—Ogg—Stent—Carlyle—Cumberland-tiepe kan oorlaat om met ons volk die spot te drijf nie! Eén van ons bekwaamste en veelbelowendste skrywers, wat veel gedoen het vir die bevordering van ons taal, waarvoor ek hom hoogag, kan ek maar nog nie vergewe dat hij in 'n toneelstuk een van sij spelers met sij vinger 'n dooi vlieg uit die melkbeker laat haal voordat hij vir die Engelsman koffie skenk, en dat hij vir die Engelsman wat alreeds sij mond vol het van die eenvoudigheid en vuilheid van die boere, in 'n kalbasdop moet gaan water haal om te drink. Dit

is betreklik niksbeduidende puntjies, maar 'n toevallige vreemde toeskouer suig daar 'n aansienlike hoeveelheid gif uit. Ek 't reeds al gesê hoe 'n seker toneelskrywer godsdienstige verhandelinge op die toneel bring, wat rede tot aanstoot gegee 't. Dit was so'n sterk wapen in die hand van die teenstanders van toneel, dat daardeur 'n pamflette-oorlog ontstaan 't, tussen F. C. Eloff en H. Oost, wat nie bereken was om een van die twee uiterste rigtinge besonder te oortuig nie; want, soos altijd in die geval van so'n pro- en kontrapenne-skermutseling gebeur, 't ook hier weer die twee bymekaar verbij geskryf: Oost 't nl. die goeie drama verdedig, terwyl Eloff die slegte veroordeel 't. Hoe dit ook sij, daar kom veel te veel profane en plat uitdrukkings in die meeste van ons toneelstukke voor. Met die Naam van die Heer, b.v. moes daar baie spaarsamer tewerk gegaan word, en dan verhandelinge van 'n suiwer godsdienstige of kerklike aard moet ver van die toneel af gehou word. Dergelijke dinge is dit wat erger, en as die skrywers van toneelstukkies meer nougeset was op die punt, sou die prestige van ons toneelkuns minder in diskrediet gebreng word.

Behoudens die genoemde puntjies, is dit m.i. ten onregte dat moraliste onvoorwaardelik die waarde van toneel as faktor in die sedelike opvoeding van 'n nasie, ontken. Maar laat daar op hierdie stuk verskil van mening bestaan, dan nog kan nie ontken word nie, dat die toneel 'n ontenseglike invloed uitoefen op die opvoeding van taalgevoel, veral in 'n land soos ons s'n, waar die eie taal met 'n magtige mededinger te doen 't, wat oral dreig, en aan wie dit ongemerk

geluk, om die eie taal te verdring en selfs te ver-
vang. Die invloed van toneel in dié opsig 't
Vlaandere bewijs. Die toestand in Vlaandere op
taalgebied is in bijna elke opsig presies dieselfde
as hier bij ons, en een van die vernaamste middels
wat die Vlammige ter hand geneem 't om nie ten
onder te gaan in die strijd nie, is die instandhou-
ding van bloeiende Vlaamse skouburge.

Dat en skrywers en spelers die waarheid hier
nog nie besef nie, is maar al te waar. Dit moet
anders word, en ek wou graag die volgende be-
straffing, met al die vuur en erns waaroor ek be-
skik, laat tuit in die ore van almal hier teenvoor-
dig, beide spelers en ondersteuners van toneel,
en veral diegene wat daar onder mij gehoor mag
wees, en wat nou al, of later astant genoeg mag
wees, om self toneelstukkies te skryf. Die skrij-
wers van prulle doen ons taal en die Afrikaanse
toneelkuns onberekenbare afbreuk, deur te pro-
beer skrywe vóór hulle nog kan skrywe. En dit
is ons spelers s'n plig om sulke skrywers te ne-
geer en hulle nie te adverteer deur hulle stukkies
op te voer nie.

In die tweede plaas sondig spelers teen ons
taal en die smaak van ons geredelik ondersteu-
nende publiek, sowel as teen die prestige van
skrywers wat verdienstelike stukkies lewer, wan-
neer hulle voor die voetlig durf verskijn sonder
hulle vooraf te verseker van die leiding van 'n
bevoegde persoon as regisseur. En ek vra die
publiek om sulke knoei-geselskappies nie te on-
dersteun nie, voordat hulle bewijs 't, dat hulle
die ondersteuning verdien. Met weinige uitson-
derings is die werk van ons toneel-geselskappies

bloot 'n van buite lere en resitere van die respektiewe rolletjies, met al die foute en gebreke van die skrywer wat daaraan kleef, en die ander wat hulle nog daarbijvoeg.

Dit maak werklik so weinig verskil, dat ik U wil waarborg, dat ik die hele stuk, met meer effek vir U sal voorlees, en dan hoef U maar net 'n tikkie elk te betaal, waar dit U nou, 2, 3, tot 5/- kos, en dan sal U nog dié voordeel daarbij hê, dat ik dit hard genoeg sal lees, dat U elke woord sal hoor— waar anders nagenoeg twee-derdes van die voorgedragene in die baard van die spelers of in die blomme op die tafel blij steek. Wie sê „top”. Vir 'n sikspens stuk onderneem ik selfs om die stuk van buite te leer.

Dit egter alleen bij wijze van vergelyking, om U te oortuig, dat dit eintlik 'n premie op knoeierij is, wanneer U elke moontlike ou opvoerinkie patroniseer.

Nou omtrent die toneel as faktor om taalliefde en taalgevoel aan te kweek. Wat uitspraak en suiwerheid van taal betref, moes die toneel so goed gedirigeer word, dat dit as 'n standaard kan geld.

In Parijs b.v. vra hulle nie hoe word 'n woord volgens dié of dié diksionêr uitgespreek nie, maar hoe spreek hulle dit in „La Sorbonne” uit. La Sorbonne moet julle weet, is 'n Toneelskool in Parijs, waar elkeen wat toneelspeler wil word, 'n grondige kursus in alle toneelvereistes moet deurmaak. En so nougeset lê hulle hul op die uitspraak, b.v. toe, dat woordeboek-samestellers, hulle as ware raadpleeg.

Wat sou ons vonnis wees volgens dié maatstaf?

Mij ondervinding is, dat die meeste Afrikaanse toneel-dilettante met hulle uitspraak op die toneel netso slordig is as in die gewone lewe. (In verband met uitspraak verwys ek naar die vorige lesing oor „Spraaakebreke en Spraaakmisbruik.”)

Maar genoeg. Nou wou ik nog 'n woordjie sê oor die vermeende onbeweeglikheid en stemmigheid van die Afrikaner. Kenners stem algemeen ooreen, dat die Afrikaner 'n aangebore aanleg 't vir toneelspel, en dat dit hom aan die nodige vrijmoedigheid en behendigheid om hom in 'n toegewese rol in te werk, ook nie ontbreek nie. Soos ik reeds tevore aangemerkt 't, is die Afrikaner ver van onbeweeglik in sijn beweginge, en is dit dus 'n misleidende opvatting om te veel stemmigheid op die toneel in ag te neem. Die ondervinding is, dat daarin naar die ander uiterste oordrijf word. Dit is verkeerd om enkel die aanwysings van die skrywers te volg, soos b.v.: „sij gaat naar die venster”, „lê haar kop op sijn skouer neer.” Sij kan in die tussentijd maar baie ander dinge doen, as sijn maar net nie naderhand wegloop en haar kop op sijn skouer vergeet nie.

En dan, tog a.u.b. nie te gejaag nie. Speel tog ook 'n bietjie met die gelaatstrekke en die beweging, en nie net met die woorde nie. Wat 'n vervelende bioskoopplaat sou dit afgee as sommige van die geresiteerde opvoerinkies van ons op die doek moes vertoon word, sonder dat die hele teks van die stuk ook daar naas weergegee word!

Om te rekapituleer, kan ik maar net herhaal: Moenie toneelstukkies skrywe nie. Moenie 'n stuk opvoer nie, als julle nie oor bevoegde leiding beskik nie. Laat die uitspraak suiwer wees. Ver-

wijder uit die stuk alles wat plat is of aanstoot kan gee. Soveel beweging as moontlik. Nie te gejaag nie. Swiig soveel moontlik en laat jou aksies en jou gemoedsstemming spreek. En eindelijk, publiek, moenie 'n opvoering ondersteun nie, as julle nie vooraf verseker kan word, dat dit goed is nie.

Ik voel dat dit enigszins onregverdig is om die poging van toneelgeselskappe onvoorwaardelik te veroordeel, sonder 'n aannemelike weg uit die moeilikheid aan die hand te gee. Ons moet nie vergeet nie, dat dit almal maar liefhebberij-geselskappies is, wat meesal vir die een of ander liefdadigheids-instelling optree, en tensy daar iets beters in die plek gestel kan word, moet ons dus maar roei met die rieme wat ons 't. Maar daar kan 'n middel gevind word om die toestand te verander. En wie sal wil volhou, dat 'n verandering nie noodsaaklik is nie? Daar bestaan hier geselskappe wat hulle bes doen, en wat ook deskundig voorgelig word. Nou, teenoor sulke geselskappe is dit nie billik, dat daar ander groepe onverskillig te werk gaan nie. Watter kans 't so'n geselskap om 'n vol saal te trek uit dieselfde publiek wat tevore 'n opvoerinkie bijgewoon 't, waar die rolle van een of meer spelers moet uitgelees word, of waar drie-kwart van die gesprokene in die baard van die spelers blij steek?

Mij voorstel is, dat diegene uit die verskillende toneelvereniginge van die sentrum van die stad, (soas Braamfontein, Turffontein, Jeppe, Fordsburg, ens.) een Vereniging vorm—daar is 'n paar veelbelowende spelers in elk van die vereniginge. Die Ver. kan dan af en toe 'n opvoering gee vir

stijwing van hulle eie fondse, en kan dan tussen-in, net soos nou, 'n opvoering gee, b.v. vir die Helpmekaar of vir die kerkfondse van die een of ander gemeente. Dit is die enigste manier om iets hogers te bereik met ons toneel. Gaan ons voort soos tothiertoe, dan maak ons ons skuldig aan 'n misdaad, en offer ons ons taal-gevoel en 'n verhewe kunsvorm op aan die sug om besigheid te doen. Met 'n Rederijkerskamer, soas deur mij voorgestel, kan ons so'n mate van sukses behaal, dat ons langamerhand 'n aansienlike deel van die publiek, wat aan ons behoort, sal kan aftrek van die Engelse skouburge. Soos ek gesê 't: die toneel is 'n hoge kunsvorm, en daarmee gaan gepaard essensiële bestanddele van ons nasionale volkslewe, sodat dit in 'n seker sin judaspenning is wat deur 'n liefdadigheids-instelling ingehaal word, wanneer hulle die dienste van 'n amateur-knoei-geselskappie inroep om vir hulle te kom geld maak, en hulle geen ag slaan op die kwaad wat daar deur hulle uitgerig word onder die dekmantel van liefdadigheid. Dis diefstal: jij steel van jou ouer om jou broer 'n aalmoesie te gee! Tot tijd en wijl so'n amalgamasie plaasvind, kan ek maar net mij versoek aan die publiek herhaal, om nie 'n toneelvereniging te ondersteun nie, wat nog nie gewijs 't dat hulle iets degeliks kan lewer nie.

So het ek geskryf in Februarie 1919, en wat ek toen van die Rand geskryf het is ook vandag nog van toepassing, nie net vir die Rand nie, maar ook vir Pretoria.

Sover wat die verlede en die hede van ons toneelkuns betref.

Hoe sou dit wees as al die liefhebberij-toneelvereniginkies van Pretoria en voorstede vanaand die wenk aanvaar wat ek twee jaar gelede aan die hand gegee het vir die goudvelde? Laat ons dit doen en so'n amalgamasie as fondament aanwend om die Toekoms van ons Afrikaanse Toneelkuns op te bou!

Op die 6de Augustus het ek reeds in 'n artikel in „Ons Vaderland” so'n plan aan die hand gegee—wat intussen verwesenlik geword is, en wat ons deur verdere aaneenskakeling kan bestendig. Ek het in bedoelde artikel o.m. die volgende gesê:

„Die vloek van ons toneelkuns is die „sagkens met die jongeling”-kritiek van die Afrikaanse pers. Ons staan op 'n bultjie van waar ons, na 'n goeie asem skep, op 'n nuwe tempo en 'n beslister tred kan laat wegspring. Die skof vir liefhebberij- of liefdadigheids-opvoerinkies kan nou as afgelê geskou word. Laat ons hiervandaan „besigheid” beoog! Laat ons voortaan optree om die kuns en die bruikbaarheid van toneel en nie meer enkel om te vermaak of liefdadigheidsfondsies te stijf nie! Kweking van taalliefde en taalgevoel moet hoofsaak wees, en daardeur popularisering van die werke van ons dramaturge, wat vanself weer voer tot waardering van ons letterkunde en tot spoorslag dien vir sluimerende talent om voor die dag te kom.

Die tijd is aangebreek dat geen toneelgeselskappie behoort toegelaat of aangemoedig te word om die smaak van ons publiek te bederf nie. Waarom kan 'n ordentlike geselskap, met 'n vertoonbare stuk nooit 'n vol saal trek nie, terwyl die bios-

kope en skouburge in Pretoria en Johannesburg en ander groot plekke, jaar uit en jaar in aand vir aand, tot stikkens toe gevuld is met ons eie mense, en dit nogal om die allergoedkoopste kaf te sit en aangaap—goedkoopste wat gehalte, maar duurste wat toegang betref? Eenvoudig, omdat knoeigeselskappies die pad van 'n toneelspan, wat iets hogers presteer, toemaak? Weer, waarom is ons toneellettere nog so brandarm, terwyl Suidafrika meer stof vir dramatiese uitbeelding oplewer as enige ander land ter wereld? Omdat skrywers skrikkerig is dat hulle bedoelings verkeerd sal vertolk word en hulle werke verknoei deur vereniginkies wat hulle nie verwêrdig om hul deskundig te laat voorlig nie.

Met die hollandssprekende publiek waar Pretoria oor beskik, behoort daar tog plek te wees vir minstens een opvoering in die maand. Maar gedurende die afgelope drie jaar was dit skaars een in die jaar! En as ons daarby bedenk dat Pretoria en die voorstede nie minder as 7 (segge sewe stuks) toneelvereniginge rijk is!—latere berekening het bewijs dat ek die getal ver onderskat het: ek weet nou van twaalf!

Die oplossing sou ons insiens dit wees: plaas 'n vereniging onder bevoegde regie en besoldig die regisseur. Die beste deskundige sal ook nie in staat wees om 'n sukses van die saak te maak nie, as van hom verwag word om sijn tijd, wat hij op ander wijze duur kan verkoop, sonder vergoeding op te offer. As jij iets degelijks wil hê, moet jij bereid wees om daarvoor te betaal. Die publiek kan dan iets goeds verwag, en as hulle dit krijg, laat hulle dit dan ondersteun en waardeer!

En die vereniginkies wat sonder leiding rondtas moet dan maar in die gedrang onder die voete raak!

Dis die enigste oplossing en ons is blij om te sê dat voorbereidende stappe alreeds gedaan is om so'n geselskap te vestig, wat feitelik 'n toneelskool op beskeie skaal sal wees. Natuurlik sal die geselskap ook vir die voordeel van die een of ander liefdadigheidsinstelling mag optree. Die enigste verskil sal wees, dat dus iets van 'n greintjie kunsgehalte kan verwag word, want dat vir die voorligting betaal sal word. Intussen hoef ons ons kritiek nie te spaar nie. Van professionele persone of liggame word die allerbeste verwag. As hulle dit nie lewer nie, laat hulle dan verbijkom. Aan die ander kant laat ons uitskei met die opvijselrij van die geknoei van slordige amateurs!"

Die plan waarop in hierdie aanhaling gesinspeel word, het ek breedvoerig uiteengeset op 'n vergadering van 'n toneelvereniging waarvan ek intussen lid geword het. Die gedagte werd met algemene bijval begroet, en die vergadering het met eenparige stemme daarop aangedring dat ek die leiding van so'n deskundig voor te ligte geselskap op mij moes neem—nieteenstaande mij uitdruklike versekering, dat ek nie beskik oor die bevoegdheid, wat ek mij van so'n regisseur voorgestel het nie. Die vraag was nl. waar om 'n opperbevoegde deskundige te krij?

Verder verontskuldiging hoef ek nie te maak nie. Baie van die gehoor hier teenwoordig is leerlinge van mij toneelskool en vanaand en weer op 13 November en weer vroeg in Desember sal die

Pretoriase publiek die geleentheid hê om uit die optrede van leerlinge van die Toneelskool die doeltreffendheid of andersins te be- of veroordeel.

Sover die samestelling van die vereniging wat, naar mij beskeie mening, die grondslag van ons toekomstige toneelkuns sal moet lê.

Laat ons nou uitreken of daar ook 'n bepaalde maatstaf vir die stof van ons toneellettere sal moet neergelê word.

Ons beskik tot hiertoe oor die klug- of blijspel en die treurspel. Wat daar van eersgenoemde die lig gesien het is, op enkele verdienstelike uitsonderinge na, nie baie uitmuntend uitgeval nie. Dit is te lig. Kunswaarde besit dit nie eintlik nie, en as strekikingswerk is die moraal in die reël te vagies aangedui. As die stuk afgespeel is, voel die toeskouer of hij nou werklik sij aand verbeusel het. Die opvoering verskaf omtrent net-soveel voldoening soos wanneer jij dun sop met 'n drietand-vurk eet. Jij hou daar niks van oor nie.

En die treurspele? Wel, die mag 'n nuttige middel wees om nasionale eiewarde altijd aan te wakker, bij die aanskoue van die grootse verlede van ons heldevolk, maar dit werk vaak verbittering in die hand, deurdat meestal vertoon word, nie hoe goed die eie nasie is nie, maar hoe sleg die teëpartij is.

En dan, ons klimaat en ons hele volksaard bring mee, dat ons nooit te lang droewig gestemd kan wees nie, sodat dit 'n onreg teenoor ons nasionale volkseige is om ons te dwing om onder triestige somberheid te kwijn.

Ons hele geaardheid is daarop aangewijs, dat

ons toneel in die toekoms gaan wees nie die treur-
spel nie, maar die blijspel.

Verder, waar ons eigenaardige toestande tal
van middele tot volksopvoeding vorder, staat dit
vas, dat toneel een van die kagrtigste middele-
sal moet word, om ons volk teen verworping te
vrijwaar, deur na-aapsug te hekel en ideale toe-
stande aan te prijs.

Ons toneel sal dus voorlopig hoofsaaklik van
'n strekkingsgehalte moet wees. Nou is dit
waar, dat strekkingswerk eintlik nie kunswerk is
nie, maar laat ons dit vereeës maar verlief neem
om die hogere kuns te ontbeer, en eers streef om
toneel uit die modderpoel van vooroordeel en
onag te verhef.

Maar laat ons ons daarvoor nie te veel bekom-
mer nie. Naarmate ons ernstigste skrywers, wat
die volksiel volkome begryp aangemoedig word
om die volksaard in die drama uit te beeld, sal
die juiste grondtoon aan die dag tree.

Waar ons wel oor begaan behoort te wees, is om
die opgevoerde drama bruikbaar te maak en dit
so te dirigeer, dat die taal en uitspraak van die
toneel as norm kan geld. Om 'n voorbeeld te
noem: 'n tijd gelede het so te sê die ganse Afr.
Holl. pers in Transvaal hul verset teen sekere wij-
siginge van die S. A. Akademie, op die gebied
van die Afr. spelling, wat vir hul as gewestelik
voorkom.

Lê hier nie 'n kostelike arbeidsveld voor die
Kultuurvereniging nie, as die b.v. deur 'n bietjie
vorsingswerk die algemeen-gebruikelike uitspraak
van sekere twijfelagtige woorde te wete kom en
deur middel van die toneel voorskryf.

Die vereniging is aan 't onderhandele met die eienare van die Letterkundige maandskrif, „Die Banier”, om 'n rubriek ingeruim te krij, waar daar onder redaksie van 'n uitermate-bevoegde taaldeskundige, wat baie onder ons mense rondgaan (soos b.v. G. R. von Wiellich) toon kan aangegee word. Dit sal 'n pragtige prestige skep vir ons Kultuurvereniging, ja vir ons toneel, omdat ons sodoende sal kan meepraat, wanneer daar eventueel weer oor spellingwysiging sal moet beraadslaag word.

Maar allereers moet ons verbrokkeling van kragte en verspilling van nuttige energie voorkom, deur te konsentreer.

As mondstuk van die Afr. Kultuurvereniging en Toneelskool nodig ek hiermee verteenwoordigers van alle plaselike toneelgeselskappe uit, tot 'n samespreking, waarop 'n aanneemlike basis vir hereniging kan oorweeg word.

Ek is daar oortuig van—en dit is ook die opvatting van andere wat die saak lang, ernstig en diep oordenk het—dat dit die enigste middel gaan wees, waardeur iets hogers bereik sal kan word as die huidige oppervlakkige kunslose toneelgeamateur.

